basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIOR SERTIFIKAAT/ NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2020

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie, omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

**VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)***

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 1.1 | Die mens wil altyd meer/beter hê./<br>Die mens strewe na meer/beter./<br>Mense is nooit tevrede met hul omstandighede nie. ✓ | 1 |
| 1.2 | "suksesvol" ✓ | 1 |
| 1.3 | Dis al van oertye/die vroegste tye af aan die mens bekend. ✓<br><br>(Die ontwikkeling van gemanipuleerde/gemodifiseerde voedsel) beveg wanvoeding./<br>(Die ontwikkeling van gemanipuleerde/gemodifiseerde voedsel se oogmerk is) die voorsiening van voedsel./<br>(Die ontwikkeling van gemanipuleerde/gemodifiseerde voedsel se oogmerk is) die bekamping van hongersnood. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 1.4 | Die ontwikkeling van (nuwe) medisyne/<br>(Die konsep van) kunsmatige intelligensie/<br>Die eenwording van mens en masjien ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Positief:<br>Met die ontwikkeling van nuwe medisyne kan mense gesonder leef./<br>Met die ontwikkeling van kunsmatige intelligensie kan mense nou ook op robotte staatmaak om sekere take te verrig./<br>Met die eenwording van mens en masjien kan swakhede in menslike gedrag uitgeskakel word.<br><br>**OF** | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| | Negatief:<br>Met die ontwikkeling van nuwe medisyne kan mense waarskynlik te lank leef wat druk op wêreldbevolking plaas./<br>Met die ontwikkeling van kunsmatige intelligensie kan werkloosheid verhoog./<br>Met die eenwording van mens en masjien kan menslikheid in die samelewing dalk verlore gaan. ✓<br><br>*Die kandidaat bied vir sy/haar keuse 'n eie soortgelyke antwoord vir EEN punt aan. Die twee dele van die antwoord word onafhanklik geassesseer.* | 1 |
| 1.5 | Dit was die eerste geneties gemanipuleerde organisme <u>wat (in winkels) te koop was</u>./<br>Dit was die <u>eerste kommersieel verboude</u> organisme. ✓<br><br>Dit het stadiger as ander tamaties ryp geword./<br>Die tamatie behou sy fermheid./<br>Dit het 'n langer raklewe as wat ander tamaties het. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 1.6 | Die skrywer wil daarmee die omvang van die verbouing aandui./aandui dat dié manier van verbouing wêreldwyd plaasvind./dat baie boere by die verbouing van geneties gemanipuleerde gewasse betrokke is./dit 'n wydbeoefende manier van verbouing is./<br>Die skrywer wil die stelling wat in die laaste sin van paragraaf 4 gemaak is/dat dit 'n wenresep is om gewasse deur middel van biotegnologie te kweek, bevestig./versterk./ondersteun./<br>Die skrywer maak van die statistiek gebruik om die voorafgaande stelling geloofwaardig te maak. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.7 | Ja<br>Indien Brittanje bereid is om daarvoor te betaal, is dit regverdig dat hulle toegelaat word om dit in te voer./<br>Britse verbruikers kan moontlik 'n behoefte aan die produkte hê./<br>Almal wat in GGO-voedsel belangstel, moet toegang daartoe hê.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Brittanje is nie bereid om self geneties gemanipuleerde produkte te verbou nie, daarom is dit nie regverdig dat hulle toegelaat word om dit in te voer nie./<br>Geneties gemanipuleerde produkte wat ingevoer word, is nie noodwendig gesonder as die tradisioneel verboude produkte in Brittanje nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.8 | Navorsing oor klimaatsveranderinge kan daartoe bydra dat geneties gemanipuleerde gewasse ontwikkel word <u>wat meer bestand teen uiterste klimaatsverandering sal wees</u>. ✓<br><br>**EN**<br><br>Navorsing oor bevolkingsgroei kan daartoe bydra dat geneties gemanipuleerde gewasse ontwikkel word <u>wat tred hou met die kosbehoeftes van spesifieke bevolkingsgroepe./groeiende bevolking</u>. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord oor onderskeidelik klimaatsveranderinge EN bevolkingsgroei vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1 |
| 1.9 | Indien hulle aandag aan hierdie navorsing se bevindinge skenk, sal hulle:<br>• beter vir droogtes kan beplan. ✓<br>• gewasse plant wat teen onkruid bestand is. ✓<br>• die invloed van gifstowwe op hulle gewasse kan minimaliseer. ✓<br>• die voedingswaarde van sekere gewasse kan bepaal./verhoog. ✓ | 4 |
| 1.10 | Rys wat met vitamien verryk is, is 'n voorbeeld van beter/gesonder kos waarna mense volgens paragraaf 1 al hoe meer vra. ✓ | 1 |
| 1.11.1 | Mense wat skepties oor GMO is, eet in elk geval kossoorte wat op die een of ander stadium genetiese manipulasie ondergaan het. ✓<br><br>*Beide kante van die ironie moet vir EEN punt aangebied word.* | 1 |
| 1.11.2 | Ja<br>Geneties gemanipuleerde produkte is onbekende produkte waaroor verbruikers skepties is.<br>Verbruikers is skepties om kos te koop waarmee hulle dink, geëksperimenteer is./beskou geneties gemanipuleerde kos as onnatuurlik.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Daar is geen wetenskaplike bewyse dat geneties gemanipuleerde produkte negatiewe gesondheidsprobleme vir die mens inhou nie.<br>Indien banke bereid is om plaaseienaars wat biotegnologie wil toepas, finansieel te steun, is daar nie rede tot skeptisisme nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke redes vir EEN punt elk aan*. | 2 |
| 1.12 | (Haar verduideliking slaag, want) sy verwys na 'n rits kontroletoetse./navorsing./is 'n kenner./professor in Molekulêre en Selbiologie. ✓ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.13 | Die rook wat uit die pot/pan/in die oond dwarrel, (dui daarop dat die ma haar kos verbrand)./<br>Die rook wat uit die kat se kosbak dwarrel, (dui daarop dat die ma haar kos verbrand)./<br>Die kat wat sy/haar maag vashou./hande oor die maag hou./met wydgesperde oë na die kosbak staar./<br>Die kat wat wegskram (van die kos./wil dit nie eet nie)./<br>Die ma se gerekte oë (dui op verbouereerdheid./onsekerheid).<br>Die ma se wilde geroer in die pot (dui op verbouereerdheid./onsekerheid).<br>Die dogtertjie wat om die hoek loer se wydgerekte oë (dui op haar vrees dat die ma weer 'n flater sal begaan)./<br>Die dogtertjie wat om die hoek loer, (dui daarop dat sy versigtig is om die kombuis binne te gaan waar die ma onbehendig kook). ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.14 | Ja<br>Sy woorde bevestig/beaam/ondersteun wat die seun oor die ma se kookvermoë sê./<br>Sy woorde dui daarop dat die ma steeds slegte kos gaan maak./die pa gaan bly eksperimenteer./<br>Die woord "wors" sluit aan by die idee van kosmaak./frikkadelle wat nes wors van maalvleis gemaak word./<br>Dit dra by tot die humor van die pa/ma wat sukkel. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 1.15 | In paragraaf 4 van TEKS A het die "Flavr Savr"-tamatie koerantopskrifte gehaal en in die linkerhoek van TEKS B haal die wêreld se eerste proefbuisfrikkadel die koerantopskrif./<br>In paragraaf 4 van TEKS A geniet die mylpaal van 'n nuwe soort tamatie publisiteit, terwyl 'n mylpaal t.o.v. 'n proefbuisfrikkadel in TEKS B ook publisiteit/nuuswaardigheid ontlok.<br><br>**EN**<br><br>In paragraaf 10 van TEKS A word melding gemaak van die eksperimentering met kos wat aansluit by die woord "eksperimente" in TEKS B se spraakborrel./<br>In paragraaf 10 van TEKS A en in TEKS B is eksperimentering/laboratoriumwerk ter sprake. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan waarin daar afsonderlik na 'n ooreenkoms tussen die twee tekste verwys word*. | 2 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

Tydens die nasien van die opsomming is die insluiting van geldige feite en die uitsluiting van irrelevante feite belangrik.

- Opskrif/Titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

***'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:***

| |
|---|
| Vervoer partytjiegangers teen betaling terug na hulle huise. Jy kan ook 'n draai by ouetehuise maak om inwoners te help om hulle hare te versorg. Verder kan jy dit oorweeg om 'n versorgingsdiens aan diereliefhebbers met behulp van 'n mobiele dieresalon te lewer. Help werkende ma's deur vir hulle kinderpartytjies te reël en jy kan ook jou dienste beskikbaar stel aan 'n enkelma deur gewone huistake vir haar te verrig. Oorweeg die verkoop van advertensiespasie op webtuistes aan mense wat dienste wil adverteer. Jy kan ook worsrolletjies voor 'n winkelsentrum verkoop. Getal woorde: 88 |

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | ... **motorbestuurder vir partytjie-gangers** ... | A | Vervoer partytjiegangers teen betaling terug na hulle huise toe. |
| 2 | ... **help om ... hare te versorg** ... | B | Maak 'n draai by ouetehuise om inwoners te help om hulle hare te versorg. |
| 3 | ... **Mobiele dieresalon** ... | C | Bied 'n versorgingsdiens aan diere-liefhebbers met behulp van 'n mobiele dieresalon. |
| 4 | ... **partytjieorganiseerder** ... | D | Bied jou dienste as partytjie-organiseerder vir werkende ma's aan deur vir hulle kinders partytjies te reël. |
| 5 | ... **hulp met gewone huistake** ... | E | Jy kan ook jou dienste beskikbaar stel aan 'n enkelma deur gewone huistake vir haar te verrig. |
| 6 | ... **advertensiespasie** ... **verkoop** ... | F | Verkoop advertensiespasie op web-tuistes aan mense wat dienste wil adverteer. |
| 7 | ... **worsrolletjies ... verkoop.** | G | Verkoop worsrolletjies voor 'n winkel-sentrum. |
| | | | **Getal woorde: 81** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is. Indien die spelling van die bepaalde woord korrek moet wees, word die spelling verkeerd gemerk al word die antwoord in 'n sin aangebied.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | wederkerende (voornaamwoord) ✓ | 1 |
| 3.2 | Ja<br>Dit sluit aan by die woorde soos oorbelle/saffiere/diamante/juwele/ametis./<br>Oorbelle hang aan iemand se ore soos wat dit in die prentjie aan die woord hang./<br>Dit hang aan die woord "jouself", wat aandui dat dit 'n geskenk vir jou is./<br>Die oorbelle wat aan die woord "jouself" hang, ondersteun die feit dat die verbruiker met die luukse item bederf sal word./<br>Die produk wat verkoop word, (waarmee jy jouself kan bederf,) word geadverteer./<br>Die prentjie van luukse oorbelle (met 'n duur afwerking en edelstene) beklemtoon die boodskap dat die verbruiker bederf (met hierdie luukse item) sal word.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die advertensie laat nie reg geskied aan die diamante/oorbelle se prag nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.3 | "glo" ✓<br><br>Ons weet dat ons net die geskenk vir jou het./Ons het net die geskenk vir jou. ✓<br><br>*Die kandidaat kan ook 'n uitroepteken gebruik om die feit/sin mee af te sluit.* | 1<br><br>1 |
| 3.4 | Toe jy vir jou geskenke van goud gekies het**,** moes jy nie oorhaastig gewees het nie./<br>Jy moes nie oorhaastig gewees het toe jy vir jou geskenke van goud gekies het nie.✓<br><br>*Die komma moet, waar van toepassing, op die korrekte plek in die sin voorkom.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.5 | Geskenkies ✓<br><br>Aanvaar hierdie diamantringe as presentjies/bederfies van my waardering vir jou moeite. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin met die verkleiningsvorm van die sinoniem vir EEN punt aan.*<br>*Die woord "geskenkies"/"bederfies" moet korrek gespel word en in die meervoudsvorm aangebied word.*<br><br>*Die woord "persent" word nie as korrek aanvaar nie; dit verskil in betekenis van "present", terwyl sinonieme min of meer dieselfde betekenis moet hê.*<br>*Persent: een honderdste van 'n geheel/totaal; per/uit honderd. (HAT6, bl. 973)*<br>*Present: iets wat jy vir iemand gee om 'n spesiale geleentheid te vier of om dankie te sê; geskenk. (HAT6, bl. 1006)* | 1<br><br>1 |
| 3.6 | (die) beste ✓ | 1 |
| 3.7 | juwele wat skitter/skitter in Afrika-styl. ✓ | 1 |
| 3.8 | Dit vestig die aandag op die naam van 'n juwelierswinkel./juwelier./<br>Dit hef die naam van die juwelier uit.<br>Dit is 'n eienaam./naam van die winkel. ✓ | 1 |
| | | **10** |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | assimilasie/(klank-) gelykmaking (van klanke) ✓ | 1 |
| 4.2 | Die eerste komma/komma tussen Malopo en Tweefontein word tussen die opnoem van eiename/plekname gebruik. ✓<br>Die laaste komma/komma voor Zitsie word voor die naam van die aangesprokene gebruik. ✓ | 1<br><br>1 |
| 4.3 | Kan/Kon ons vinnig hierna loer?/<br>Mag ons vinnig hierna loer?/<br>Sal/Sou ons vinnig hierna (kom) loer?/<br>Loer ons vinnig hierna?/<br>Kom, sal/kan ons vinnig hierna loer?/<br>Gaan/Moet ons vinnig hierna loer? ✓<br><br>*Die vraagteken moet aan die einde van die sin voorkom om die antwoord as korrek te aanvaar.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin in die vraende sinswyse vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.4 | Die pa dink sy kind gaan universiteit toe vir die pret en plesier./<br>Hy vermoed sy kind gaan nie genoeg tyd aan sy studies afstaan nie./<br>Hy vermoed sy seun gaan om die verkeerde redes universiteit toe. ✓<br><br>**EN**<br><br>Zits praat die waarheid (oor sy keuse van 'n universiteit) wat hy op 'n snydende/ skokkende manier oordra./<br>Hy reageer sarkasties as hy sy pa met sy antwoord probeer skok/seermaak (deur te sê wat hy bedoel)./sê dat hy net vir die partytjies/pret/plesier universiteit toe gaan./<br>Zits bedoel dat hy nie tyd vir partytjies op universiteit gaan hê nie./<br>Zits reageer op sy pa se beskuldiging dat hy universiteit toe gaan om 'n graad in partytjiehou te kry, 'n graad wat nie bestaan nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>*Sarkasme: bytende, bitter spot; minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker/skrywer bedoel. (KABV, bl. 99)*<br>*Sarkasme: Manier van praat/skryf waarby die skrywer die teenoorgestelde sê van wat hy/sy bedoel./bittere spot. (HAT6, bl. 1106)* | 1<br><br>1 |
| 4.5 | tot ✓ | 1 |
| 4.6 | (As Zits 'n rymkletser gaan word,) sal dit **'n hewige/groot reaksie/ opskudding/omwenteling/rewolusie/beroering/katastrofe/bohaai/pandemonium** in die musiekbedryf tot gevolg hê. ✓<br><br>*Die kandidaat behoort die konnotatiewe betekenis te verklaar./verduidelik.* | 1 |
| 4.7 | Pa gaan nog Pa se woorde sluk**, omdat/aangesien/as/indien/omrede** ek eendag net so ryk soos Hemelbesem gaan word./<br>Pa gaan nog Pa se woorde sluk **wanneer** ek eendag net so ryk soos Hemelbesem gaan word./<br>**Aangesien/Indien/Wanneer/As/Omdat/Omrede** ek eendag net so ryk soos Hemelbesem gaan word**,** gaan Pa nog Pa se woorde sluk! ✓<br><br>*Die kandidaat moet die komma korrek gebruik. [AWS 13:42: 'n Komma skei twee sinne (waarvan ten minste een afhanklike woordorde het) wat met 'n onderskikkende verbindingswoord aan sinsbegin of in die middel van die sin verbind word.]*<br>*Waar die verbindingswoord "wanneer" in die middel van die sin gebruik word, kom daar nie 'n komma voor nie.* | 1 |
| 4.8 | uiterste/grootste/allerergste/opperste/vernaamste/eerste/uitermatige/baie groot/in die hoogste graad ✓ | 1 |
| | | **10** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
|---|---|---|
| 5.1 | br<u>aai</u> ✓ | 1 |
| 5.2 | Ons (diverse) kultuuridentiteite word (dikwels) (deur kos) gevorm. ✓<br><br>om die kospotte √ | 1<br><br>1 |
| 5.3 | ir./<br>ing. ✓<br><br>*Die punt moet op die korrekte plek in die antwoord voorkom.* | <br>1 |
| 5.4 | dagtaak/dagreis/dagwerk/dagbreek/dagsuster/dagboek/dagblad/dagdiens/dagdroom/ daghulp/daglig/dagloon/dagmars/dagsorg/dagteks/dagvlug ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke samestelling met "dag" as bepaler aan.* | 1 |
| 5.5 | eerste ✓ | 1 |
| 5.6 | iemand oor die kole haal ✓ | 1 |
| 5.7 | Die jagter het die bok gekwes/kwes die bok. ✓ | 1 |
| 5.8 | Mieliepap, in al sy variëteite,/<br>Mieliepap (in al sy variëteite) ✓<br><br>Dit dui 'n parentese/inlassin/ekstra inligting aan. ✓ | <br>1<br><br>1 |
| | | **10** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |